

Opdrag aan die Ouderlinge

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B128a Eng/Afr.

Skriflesing uit Hand.20:17 – 38

Kernvers: 29 – ‘Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.’

Wat ‘n geweldige opdrag en ‘n kosbare skat was hierdie manne voor geroep om oor te waak nl. die gemeente! Die Here Jesus het dit met Sy kosbare bloed gekoop en hier sê Paulus vir die ouderlinge dat hulle dit moet oppas.

Hulle moes die gemeente oppas soos ‘n herder sy kudde oppas – hierdie kosbare skat wat Jesus met Sy bloed gekoop het.

Ons kan sien dat ons die einde van hierdie bedeling spoedig nader en ons sal dinge sien wat die vorige geslagte nooit gesien het nie.

Winde van verandering en storms wat woed (figuurlik gesproke) wat u eie siel bedreig, u eie siening en denke en u sal moet weet wat u glo! Dit gaan genade van God verg om die koring van die kaf te onderskei.

In hierdie klimaks is daar ‘n magtige verskynsel van dit wat die Bybel alreeds van praat: waar die leuen sal verskyn in die gedaante van die waarheid. Waar daar ook geen reëls sal wees en die grysaard nie ontsien sal word nie, kinders of wie ookal nie. Daar sal geen genade wees nie...

Hoe sal ons oorleef? Hoe sal ons onderskei tussen die waarheid en die leuen? Daarom sal die Opsieners van die gemeente vir ons die leiding moet kan gee.

Die Apostel Paulus waarsku dat daar wrede wolwe sal kom wat die kudde nie sal spaar nie - selfs uit hul midde sou hulle openbaar word. So is dit ook nou in hierdie tyd waarin ons leef!

Wanneer ons so terugkyk in die geskiedenis van die kerk kan ons sien dat die grootste gevaar van die Christendom juis uit die kerk gekom het!